

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

• • •
BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

10c

Friday 3 June 1977

WINDHOEK

Vrydag 3 Junie 1977

No. 3627

CONTENTS

PROCLAMATION:

No. R.107 Act 57 of 1951: Merchant Shipping Act, as Amended.

The following Proclamation by the State President of the Republic of South Africa is published for general information.

H. P. F. GOUS,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

PROCLAMATION

by the State President of the Republic of South Africa

No. R. 107 (Republic) 10 June 1977
MERCHANT SHIPPING ACT, 1951 (ACT 57 OF 1951),
AS AMENDED

SUBSTITUTION FOR THE INTERNATIONAL REGULATIONS FOR PREVENTING COLLISIONS AT SEA, 1960, OF THE CONVENTION ON THE INTERNATIONAL REGULATIONS FOR PREVENTING COLLISIONS AT SEA, 1972

Under the powers vested in me by section 356bis (1) of the Merchant Shipping Act, 1951 (Act 57 of 1951), as amended. I hereby substitute for the International Regulations for Preventing Collisions at Sea, 1960, appearing in the Third Schedule to the said Act, the Convention on the International Regulations for Preventing Collisions at Sea, 1972, contained in the Annex hereto, with effect from 15 July 1977.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Twenty-eighth day of April, One thousand Nine hundred and Seventy-seven.

N. DIEDERICHS, State President.

By Order of the State President-in-Council:

S. L. MULLER.

60373—A

INHOUD

Page/Bladsy

PROKLAMASIE:

No. R.107 Wet 57 van 1951: Handelskeepvaartwet soos Gewysig. 1

Die volgende Proklamasie van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika word vir algemene inligting gepubliseer.

H. P. F. GOUS,
Sekretaris van Suidwes-Afrika

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

PROKLAMASIE

van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. R. 107 (Republiek) 10 Junie 1977
HANDELSKEEPVAARTWET, 1951 (WET 57 VAN 1951), SOOS GEWYSIG

VERVANGING VAN DIE INTERNASIONALE REGULASIES VIR DIE VOORKOMING VAN BOTSINGS OP SEE, 1960, DEUR DIE KONVENSIE INSAKE DIE INTERNASIONALE REGULASIES VIR DIE VOORKOMING VAN BOTSINGS TER SEE, 1972

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 356bis (1) van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet 57 van 1951), soos gewysig, vervang ek hierby die Internasionale Regulasies vir die Voorkoming van Botsings op See, 1960, wat in die Derde Bylae van genoemde Wet verskyn, deur die Konvensie insake die Internasionale Regulasies vir die Voorkoming van Botsings ter See, 1972, wat in die Bylae hierby vervat is, met ingang van 15 Julie 1977.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Agt-en-twintigste dag van April Eenduisend Negehoenderd Sewe-en-sewentig.

N. DIEDERICHS, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

S. L. MULLER.

CONVENTION ON THE INTERNATIONAL REGULATIONS FOR PREVENTING COLLISIONS AT SEA, 1972

The Parties to the present Convention,

DESIRING to maintain a high level of safety at sea;

MINDFUL of the need to revise and bring up to date the International Regulations for Preventing Collisions at Sea annexed to the Final Act of the International Conference on Safety of Life at Sea, 1960;

HAVING CONSIDERED those Regulations in the light of developments since they were approved;

HAVE AGREED as follows:

ARTICLE I

General obligations

The Parties to the present Convention undertake to give effect to the Rules and other Annexes constituting the International Regulations for Preventing Collisions at Sea, 1972, (hereinafter referred to as "the Regulations") attached hereto.

ARTICLE II

Signature, ratification, acceptance, approval and accession

1. The present Convention shall remain open for signature until 1 June 1973 and shall thereafter remain open for accession.

2. States Members of the United Nations, or of any of the Specialized Agencies, or the International Atomic Energy Agency, or Parties to the Statute of the International Court of Justice may become Parties to this Convention by—

(a) signature without reservation as to ratification, acceptance or approval;

(b) signature subject to ratification, acceptance or approval followed by ratification, acceptance or approval; or

(c) accession.

3. Ratification, acceptance, approval or accession shall be effected by the deposit of an instrument to that effect with the Inter-Governmental Maritime Consultative Organization (hereinafter referred to as "the Organization") which shall inform the Governments of States that have signed or acceded to the present Convention of the deposit of each instrument and of the date of its deposit.

ARTICLE III

Territorial application

1. The United Nations in cases where they are the administering authority for a territory or any Contracting Party responsible for the international relations of a territory may at any time by notification in writing to the Secretary-General of the Organization (hereinafter referred to as "the Secretary-General"), extend the application of this Convention to such a territory.

2. The present Convention shall, upon the date of receipt of the notification or from such other date as may be specified in the notification, extend to the territory named therein.

3. Any notification made in accordance with paragraph 1 of this Article may be withdrawn in respect of any territory mentioned in that notification and the

KONVENSIE INSAKE DIE INTERNASIONALE REGULASIES VIR DIE VOORKOMING VAN BOTSINGS TER SEE, 1972

Die Partye by die huidige Konvensie,

HET 'n BEGEERTE OM 'n hoë standaard van veiligheid ter see te handhaaf;

GEDAGTIG AAN die noodsaaklikheid om die Internasionale Regulasies vir die Voorkoming van Botsings op See, wat vervat is in 'n aanhangsel by die Sluitingsoorkonde van die Internasionale Konvensie vir die Beveiliging van Menselewens op See, 1960, te hersien en by te werk;

NA OORWEGING VAN daardie Regulasies in die lig van ontwikkelings sedert die goedkeuring daarvan;

HET SOOS VOLG OOREENGekom:

ARTIKEL I

Algemene verpligtinge

Die Partye by die huidige Konvensie verbind hulle om uitvoering te gee aan die Reëls en ander Aanhangsels wat die aangehegte Internasionale Regulasies vir die Voorkoming van Botsings ter See, 1972, (hieronder "die Regulasies" genoem) uitmaak.

ARTIKEL II

Ondertekening, bekragtiging, aanvaarding, goedkeuring en toetrede

1. Die huidige Konvensie bly tot 1 Junie 1973 beskikbaar vir ondertekening en bly daarna beskikbaar vir toetrede daartoe.

2. State wat lede is van die Verenigde Volke of van enige van die Gespesialiseerde Agentskappe, of van die Internasionale Atoomkragagentskap, of medeondertekenaars van die Statuut van die Internasionale Geregshof, kan tot hierdie konvensie toetree deur—

(a) ondertekening sonder voorbehoud wat betref bekragtiging, aanvaarding of goedkeuring;

(b) ondertekening onderworpe aan bekragtiging, aanvaarding of goedkeuring gevolg deur bekragtiging, aanvaarding of goedkeuring; of

(c) toetrede.

3. Bekragtiging, aanvaarding, goedkeuring of toetrede geskied deur die indiening van 'n dokument met daardie strekking by die Intergoewermentele Seevaartkonsultorgaanisasie (hieronder "die Organisasie" genoem) wat die Regerings van State wat die huidige Konvensie onderteken het of daartoe toegetree het, van die indiening van elke dokument, asook van die datum van sodanige indiening in kennis moet stel.

ARTIKEL III

Uitbreiding tot gebiede

1. Die Verenigde Volke, in gevalle waar dié die administrerende owerheid van 'n gebied is, of 'n Kontrakterende Party wat verantwoordelik is vir die internasionale betrekkings van 'n gebied, kan te eniger tyd by skriftelik kennisgewing aan die Sekretaris-generaal van die Organisaie (hieronder "die Sekretaris-generaal" genoem) die huidige Konvensie tot sodanige gebied uitbrei.

2. Die huidige Konvensie word vanaf die datum van ontvangs van die kennisgewing of vanaf sodanige ander datum wat in die kennisgewing aangegee word, tot die gebied wat daarin genoem is, uitgebrei.

3. 'n Kennisgewing wat ooreenkomstig paragraaf 1 van hierdie Artikel uitgereik is, kan teruggetrek word met betrekking tot 'n gebied wat in daardie kennisgewing genoem word, en die uitbreiding van hierdie Konvensie

extension of this Convention to that territory shall cease to apply after one year or such longer period as may be specified at the time of the withdrawal.

4. The Secretary-General shall inform all Contracting Parties of the notification of any extension or withdrawal of any extension communicated under this Article.

ARTICLE IV

Entry into force

1. (a) The present Convention shall enter into force 12 months after the date on which at least 15 States, the aggregate of whose merchant fleets constitutes not less than 65 per cent by number or by tonnage of the world fleet of vessels of 100 gross tons and over have become Parties to it, whichever is achieved first.

(b) Notwithstanding the provisions in subparagraph (a) of this paragraph, the present Convention shall not enter into force before 1 January 1976.

2. Entry into force for States which ratify, accept, approve or accede to this Convention in accordance with Article II after the conditions prescribed in subparagraph 1 (a) have been met and before the Convention enters into force, shall be on the date of entry into force of the Convention.

3. Entry into force for States which ratify, accept, approve or accede after the date on which this Convention enters into force, shall be on the date of deposit of an instrument in accordance with Article II.

4. After the date of entry into force of an amendment to this Convention in accordance with paragraph 4 of Article VI, any ratification, acceptance, approval or accession shall apply to the Convention as amended.

5. On the date of entry into force of this Convention, the Regulations replace and abrogate the International Regulations for Preventing Collisions at Sea, 1960.

6. The Secretary-General shall inform the Governments of States that have signed or acceded to this Convention of the date of its entry into force.

ARTICLE V

Revision conference

1. A Conference for the purpose of revising this Convention or the Regulations or both may be convened by the Organization.

2. The Organization shall convene a Conference of Contracting Parties for the purpose of revising this Convention or the Regulations or both at the request of not less than one-third of the Contracting Parties.

ARTICLE VI

Amendments to the Regulations

1. Any amendment to the Regulations proposed by a Contracting Party shall be considered in the Organization at the request of that Party.

2. If adopted by a two-thirds majority of those present and voting in the Maritime Safety Committee of the Organization, such amendment shall be communicated to all Contracting Parties and Members of the Organization at least six months prior to its consideration by the Assembly of the Organization. Any Contracting Party which is not a Member of the Organization shall be entitled to participate when the amendment is considered by the Assembly.

3. If adopted by a two-thirds majority of those present and voting in the Assembly, the amendment shall be communicated by the Secretary-General to all Contracting Parties for their acceptance.

tot daardie gebied is na een jaar of sodanige langer tydperk ten tyde van die terugtrekking gespesifiseer, nie meer van toepassing nie.

4. Die Sekretaris-generaal moet al die Kontrakterende Partye verwittig van enige kennisgewing van uitbreiding of die terugtrekking van enige uitbreiding ingevolge hierdie Artikel.

ARTIKEL IV

Inwerkingtreding

1. (a) Die huidige Konvensie tree in werking 12 maande na die datum waarop minstens 15 State Partye daartoe geword het en waarvan die handelsvloete gesamentlik minstens 65 persent in getal of bruto ton van die wêreld se vloot van skepe van 100 bruto ton uitmaak, wat ook al eerste bereik word.

(b) Ondanks die bepalings van subparagraaf (a) van hierdie paragraaf, tree die huidige Konvensie nie voor 1 Januarie 1976 in werking nie.

2. Vir State wat ooreenkomstig Artikel II hierdie Konvensie bekragtig, aanvaar, goedkeur of daartoe toetree nadat aan die voorwaardes voorgeskryf in subparagraaf 1 (a) voldoen is en voordat die Konvensie van krag word, is die datum van inwerkingtreding dié waarop die Konvensie van krag word.

3. Vir State wat na die datum waarop die Konvensie in werking tree dit bekragtig, aanvaar, goedkeur of daartoe toetree, is die datum van inwerkingtreding dié waarop 'n dokument ooreenkomstig Artikel II ingedien word.

4. Na die datum van inwerkingtreding van 'n wysiging van hierdie Konvensie ooreenkomstig paragraaf 4 van Artikel VI, is enige bekragting, aanvaarding, goedkeuring of toetrede op die Konvensie in sy gewysigde vorm van toepassing.

5. Die Regulasies vervang en herroep die Internasionale Regulasies vir die Voorkoming van Botsings op See, 1960, op die datum van inwerkingtreding van hierdie Konvensie.

6. Die Sekretaris-generaal moet die Regerings van State wat hierdie Konvensie onderteken het of daartoe toegetree het, in kennis stel van die datum van inwerkingtreding.

ARTIKEL V

Hersieningskonferensie

1. 'n Konferensie kan deur die Organisasie belê word met die doel om hierdie Konvensie of die Regulasies of albei te hersien.

2. Op versoek van minstens een-derde van die Kontrakterende Partye, moet die Organisasie 'n Konferensie van Kontrakterende Partye belê met die doel om hierdie Konvensie of die Regulasies of albei te hersien.

ARTIKEL VI

Wysiging van die Regulasies

1. Enige wysiging van die Regulasies wat deur 'n Kontrakterende Party voorgestel is, moet op versoek van daardie Party binne die Organisasie oorweeg word.

2. Indien die wysiging aangeneem word deur 'n tweederde-meerderheid van die aanwesiges wat hul stem uitbring in die Organisasie se Komitee vir die Veiligheid van Seeliede, word alle Kontrakterende Partye en Lede van die Organisasie minstens ses maande voor oorweging daarvan deur die Vergadering van die Organisasie van sodanige wysiging verwittig. 'n Kontrakterende Party wat nie 'n Lid van die Organisasie is nie, is daarop geregtig om deel te neem wanneer die wysiging deur die Vergadering oorweeg word.

3. Indien die wysiging deur 'n tweederde-meerderheid van die aanwesiges wat hul stem in die Vergadering uitbring, aangeneem word, word dit deur die Sekretaris-generaal aan alle Kontrakterende Partye vir aanvaardig voorgelê.

4. Such an amendment shall enter into force on a date to be determined by the Assembly at the time of its adoption unless, by a prior date determined by the Assembly at the same time, more than one-third of the Contracting Parties notify the Organization of their objection to the amendment. Determination by the Assembly of the dates referred to in this paragraph shall be by a two-thirds majority of those present and voting.

5. On entry into force any amendment shall, for all Contracting Parties which have not objected to the amendment, replace and supersede any previous provision to which the amendment refers.

6. The Secretary-General shall inform all Contracting Parties and Members of the Organization of any request and communication under this Article and the date on which any amendment enters into force.

ARTICLE VII

Denunciation

1. The present Convention may be denounced by a Contracting Party at any time after the expiry of five years from the date on which the Convention entered into force for that Party.

2. Denunciation shall be effected by the deposit of an instrument with the Organization. The Secretary-General shall inform all other Contracting Parties of the receipt of the instrument of denunciation and of the date of its deposit.

3. A denunciation shall take effect one year, or such longer period as may be specified in the instrument, after its deposit.

ARTICLE VIII

Deposit and registration

1. The present Convention and the Regulations shall be deposited with the Organization, and the Secretary-General shall transmit certified true copies thereof to all Governments of States that have signed this Convention or acceded to it.

2. When the present Convention enters into force, the text shall be transmitted by the Secretary-General to the Secretariat of the United Nations for registration and publication in accordance with Article 102 of the Charter of the United Nations.

ARTICLE IX

Languages

The present Convention is established, together with the Regulations, in a single copy in the English and French languages, both texts being equally authentic. Official translations in the Russian and Spanish languages shall be prepared and deposited with the signed original.

IN WITNESS WHEREOF the undersigned being duly authorized by their respective Governments for that purpose have signed the present Convention.

DONE AT LONDON this Twentieth day of October, One thousand Nine hundred and Seventy-two.

INTERNATIONAL REGULATIONS FOR PREVENTING COLLISIONS AT SEA, 1972

PART A: GENERAL

RULE 1

Application

(a) These Rules shall apply to all vessels upon the high seas and in all waters connected therewith navigable by seagoing vessels.

4. Sodanige wysiging tree in werking op 'n datum wat die Vergadering by die aanname daarvan bepaal, tensy meer as een derde van die Kontrakterende Partye die Organisasie teen 'n vroeër datum wat terselfdertyd deur die Vergadering bepaal is, in kennis stel van hul beswaar teen die wysiging. Die bepaling deur die Vergadering van die datums in hierdie paragraaf bedoel, geskied by wyse van 'n tweederde-meerderheid van die aanwesiges wat hul stem uitbring.

5. Vir alle Kontrakterende Partye wat nie teen die wysiging beswaar gemaak het nie, vervang die wysiging, wanneer dit van krag word, enige vorige bepaling waarop sodanige wysiging betrekking het.

6. Die Sekretaris-generaal moet alle Kontrakterende Partye en Lede van die Organisasie in kennis stel van enige versoek en kennisgewing ingevolge hierdie Artikel en die datum waarop enige wysiging van krag word.

ARTIKEL VII

Opsegging

1. Die huidige Konvensie kan te eniger tyd na verloop van vyf jaar vanaf die datum waarop die Konvensie vir 'n kontrakterende Party van krag word, deur sodanige Party opgesê word.

2. Opsegging moet geskied deur 'n dokument by die Organisasie in te dien. Die Sekretaris-generaal moet alle ander Kontrakterende Partye in kennis stel van die ontvangs van die opseggingsdokument en van die datum waarop dit vir bewaring ingedien is.

3. 'n Opsegging tree in werking een jaar, of sodanige langer tydperk as wat in die dokument gespesifiseer word, nadat dit vir bewaring ingedien is.

ARTIKEL VIII

Bewaring en registrasie

1. Die huidige Konvensie en die Regulasies moet vir bewaring ingedien word by die Organisasie, en die Sekretaris-generaal moet gewaarmerkte ware afskrifte daarvan stuur aan al die Regerings van State wat hierdie Konvensie onderteken het of daartoe toetree het.

2. Sodra die huidige Konvensie van krag word, moet die teks deur die Sekretaris-generaal aan die Sekretariaat van die Verenigde Volke gestuur word vir registrasie en publikasie ooreenkomstig Artikel 102 van die Handves van die Verenigde Volke.

ARTIKEL IX

Tale

Die huidige Konvensie, tesame met die Regulasies, is in een eksemplaar opgestel in die Engelse en die Franse taal; albei tekste is ewe outentiek. Dit word amptelik in die Russiese en die Spaanse taal vertaal en saam met die oorspronklike oorspronklike gedeponeer.

TEN BEWYSE WAARVAN die ondergetekendes wat behoorlik deur hulle onderskeie Regerings vir daardie doel gemagtig is, hierdie Konvensie onderteken het.

GEDOEN TE LONDEN op hede die Twintigste dag van Oktober Eenduisend Negehoenderd Twee-ensentig.

INTERNASIONALE REGULASIES VIR DIE VOORKOMING VAN BOTSINGS TER SEE, 1972

DEEL A: ALGEMEEN

REËL 1

Toepassing

(a) Hierdie Reëls is van toepassing op alle vaartuie op die oop see en in alle waters wat daarmee verbind is en wat vir seevaartuie bevaarbaar is.

(b) Nothing in these Rules shall interfere with the operation of special rules made by an appropriate authority for roadsteads, harbours, rivers, lakes or inland waterways connected with the high seas and navigable by sea-going vessels. Such special rules shall conform as closely as possible to these Rules.

(c) Nothing in these Rules shall interfere with the operation of any special rules made by the Government of any State with respect to additional station or signal lights or whistle signals for ships of war and vessels proceeding under convoy, or with respect to additional station or signal lights for fishing vessels engaged in fishing as a fleet. These additional station or signal lights or whistle signals shall, so far as possible, be such that they cannot be mistaken for any light or signal authorized elsewhere under these Rules.

(d) Traffic separation schemes may be adopted by the Organization for the purpose of these Rules.

(e) Whenever the Government concerned shall have determined that a vessel of special construction or purpose cannot comply fully with the provisions of any of these Rules with respect to the number, position, range or arc of visibility of lights or shapes, as well as to the disposition and characteristics of sound-signalling appliances, without interfering with the special function of the vessel, such vessel shall comply with such other provisions in regard to the number, position, range or arc of visibility of lights or shapes, as well as to the disposition and characteristics of sound-signalling appliances, as her Government shall have determined to be the closest possible compliance with these Rules in respect to that vessel.

RULE 2

Responsibility

(a) Nothing in these Rules shall exonerate any vessel, or the owner, master or crew thereof, from the consequences of any neglect to comply with these Rules or of the neglect of any precaution which may be required by the ordinary practice of seamen, or by the special circumstances of the case.

(b) In construing and complying with these Rules due regard shall be had to all dangers of navigation and collision and to any special circumstances, including the limitations of the vessels involved, which may make a departure from these Rules necessary to avoid immediate danger.

RULE 3

General definitions

For the purpose of these Rules, except where the context otherwise requires—

(a) the word "vessel" includes every description of water craft, including non-displacement craft and seaplanes, used or capable of being used as a means of transportation on water;

(b) the term "power-driven vessel" means any vessel propelled by machinery;

(c) the term "sailing vessel" means any vessel under sail provided that propelling machinery, if fitted, is not being used;

(d) the term "vessel engaged in fishing" means any vessel fishing with nets, lines, trawls or other fishing apparatus which restrict manoeuvrability, but does not include a vessel fishing with trolling lines or other fishing apparatus which do not restrict manoeuvrability;

(e) the word "seaplane" includes any aircraft designed to manoeuvre on the water;

(f) the term "vessel not under command" means a vessel which through some exceptional circumstance is unable to manoeuvre as required by these Rules and is therefore unable to keep out of the way of another vessel;

(b) Niks in hierdie Reëls mag inbreuk maak op die toepassing van spesiale reëls uitgevaardig deur 'n owerheid vir ankerplekke, hawens, riviere, mere of binnelandse waterweë wat verbind is met die oop see en wat vir seevaartuie bevaarbaar is nie. Sodanige spesiale reëls moet sover moontlik in ooreenstemming met hierdie Reëls wees.

(c) Niks in hierdie Reëls mag inbreuk maak op die toepassing van enige spesiale reëls uitgevaardig deur die Regering van enige Staat insake bykomende pos- of seinligte of fluitseine vir oorlogsskepe en vaartuie wat in konvooi vaar of vir bykomende pos- of seinligte vir vissersbote wat as 'n vloot visvang nie. Hierdie bykomende pos- of seinligte of fluitseine moet, sover moontlik, van so 'n aard wees dat dit nie verwar kan word met enige lig of sein wat elders in hierdie Reëls gemagtig is nie.

(d) Verkeersverdelingskemas kan deur die Organisasie aangeneem word vir die doel van hierdie Reëls.

(e) Wanneer die betrokke Regering bepaal het dat 'n vaartuig met 'n spesiale konstruksie of doel nie ten volle aan die bepalings van enige van hierdie Reëls kan voldoen nie ten opsigte van sowel die getal, posisie, afstand of sektor van sigbaarheid van ligte of figure, as die plasing en kenmerke van die toerusting vir geluidseine, sonder om inbreuk te maak op die spesiale funksie van die vaartuig, moet sodanige vaartuig voldoen aan sodanige ander bepalings met betrekking tot sowel getal, posisie, afstand of sektor van sigbaarheid van ligte en figure as ten opsigte van die plasing en kenmerke van die toerusting vir geluidseine as wat sy Regering bepaal het die naaste moontlike voldoening aan hierdie reëls ten opsigte van daardie vaartuig is.

REËL 2

Verantwoordelikheid

(a) Niks in hierdie Reëls verontskuldig enige vaartuig, of die eienaar, gesagvoerder of bemanning daarvan, van die gevolge van enige versuim om aan hierdie Reëls te voldoen, of van die nalaat van enige voorsorgmaatregel wat vereis word deur die gewone gebruik onder seemanne of deur die spesiale omstandighede van die geval nie.

(b) By die uitleg en nakoming van hierdie Reëls moet al die gevare van navigasie en botsings en enige spesiale omstandighede, insluitende die tekortkominge van die betrokke vaartuie wat 'n afwyking van die Reëls noodsaaklik kan maak ten einde onmiddellike gevaar te vermy, behoorlik in ag geneem word.

REËL 3

Algemene definisies

Vir die doel van hierdie Reëls, tensy die samehang anders aandui—

(a) omvat die woord "vaartuig" elke soort watervaartuig, met inbegrip van nie-verplasende tuie en seevliegtuie, wat as 'n vervoermiddel op water gebruik word of kan word;

(b) beteken die term "kragaangedrewe vaartuig" enige vaartuig wat deur masjinerie aangedryf word;

(c) beteken die woord "seilvaartuig" enige vaartuig wat onder seil is, mits aandryfmasjinerie, as dit daarmee toegerus is, nie in gebruik is nie;

(d) beteken die term "'n vaartuig besig met visvang" enige vaartuig wat visvang met nette, lyne, treilnette of enige ander visvangapparaat wat maneuvreerbaarheid beperk, maar omvat nie 'n vaartuig wat visvang met sleeplyne of ander visvangapparaat wat nie maneuvreerbaarheid beperk nie;

(e) omvat die woord "seevliegtuig" enige vliegtuig wat ontwerp is om op water te maneuvreer;

(f) beteken die term "onbestuurbare vaartuig" 'n vaartuig wat as gevolg van 'n buitengewone omstandigheid nie kan maneuvreer soos wat by hierdie Reëls vereis word nie, en wat dus nie uit die pad van 'n ander vaartuig kan bly nie;

(g) the term "vessel restricted in her ability to manoeuvre" means a vessel which from the nature of her work is restricted in her ability to manoeuvre as required by these Rules and is therefore unable to keep out of the way of another vessel.

The following vessels shall be regarded as vessels restricted in their ability to manoeuvre:

(i) A vessel engaged in laying, servicing or picking up a navigation mark, submarine cable or pipeline;

(ii) a vessel engaged in dredging, surveying or underwater operations;

(iii) a vessel engaged in replenishment or transferring persons, provisions or cargo while underway;

(iv) a vessel engaged in the launching or recovery of aircraft;

(v) a vessel engaged in minesweeping operations;

(vi) a vessel engaged in a towing operation such as severely restricts the towing vessel and her tow in their ability to deviate from their course;

(h) the term "vessel constrained by her draught" means a power-driven vessel which because of her draught in relation to the available depth of water is severely restricted in her ability to deviate from the course she is following;

(i) the word "underway" means that a vessel is not at anchor, or made fast to the shore, or aground;

(j) the words "length" and "breadth" of a vessel mean her length overall and greatest breadth;

(k) vessels shall be deemed to be in sight of one another only when one can be observed visually from the other;

(l) the term "restricted visibility" means any condition in which visibility is restricted by fog, mist, falling snow, heavy rainstorms, sandstorms or any other similar causes.

PART B: STEERING AND SAILING RULES

SECTION I.—CONDUCT OF VESSELS IN ANY CONDITION OF VISIBILITY

RULE 4

Application

Rules in this Section apply in any condition of visibility.

RULE 5

Look-out

Every vessel shall at all times maintain a proper look-out by sight and hearing as well as by all available means appropriate in the prevailing circumstances and conditions so as to make a full appraisal of the situation and of the risk of collision.

RULE 6

Safe speed

Every vessel shall at all times proceed at a safe speed so that she can take proper and effective action to avoid collision and be stopped within a distance appropriate to the prevailing circumstances and conditions.

In determining a safe speed the following factors shall be among those taken into account:

(a) By all vessels:

(i) The state of visibility;

(ii) the traffic density including concentrations of fish-ing vessels or any other vessels;

(iii) the manoeuvrability of the vessel with special reference to stopping distance and turning ability in the prevailing conditions;

(g) beteken die term "vaartuig met beperkte maneuvreerbaarheid" 'n vaartuig waarvan die maneuvreerbaarheid soos vereis by hierdie Reëls uit die aard van sy werk beperk is en wat dus nie uit die pad van ander vaartuie kan bly nie.

Die volgende vaartuie word beskou as vaartuie met beperkte maneuvreerbaarheid:

(i) 'n Vaartuig besig met die lê, versiening of ophig van 'n navigasiemerk, onderseekabel of pypleiding;

(ii) 'n vaartuig besig met baggerwerk, opmetingswerk of onderwaterwerksaamhede;

(iii) 'n vaartuig besig met aanvullingswerk of die oorpasing van persone, proviand of vrag terwyl dit varende is;

(iv) 'n vaartuig besig met die lansering of herwinning van lugvaartuie;

(v) 'n vaartuig besig met mynveëry;

(vi) 'n vaartuig besig met sleepwerk waardeur die vermoë van die sleepvaartuig en sy sleep om van hulle koers af te wyk, erg beperk word;

(h) beteken met die term "vaartuig beperk deur sy diepgang" 'n kragaangedrewe vaartuig waarvan die vermoë om af te wyk van die koers wat hy volg, as gevolg van sy diepgang in verhouding tot die beskikbare diepte van die water ernstig beperk word;

(i) beteken die woord "varende" dat die vaartuig nie voor anker lê of aan land vasgemeer is of gestrand het nie;

(j) beteken die woorde "lengte" en "breedte" van 'n vaartuig sy totale lengte en grootste breedte;

(k) word vaartuie geag in sig van mekaar te wees slegs wanneer die een met die oog vanaf die ander waargeneem kan word; en

(l) beteken die term "beperkte sigbaarheid" enige toestand waarin sigbaarheid beperk word deur mis, newel, vallende sneeu, swaar reënbuie, sandstorms of enige ander dergelike oorsake.

DEEL B: STUUR- EN VAARREËLS

AFDELING I.—OPTREDE VAN VAARTUIE IN ENIGE SIGBAARHEIDSTOESTAND

REËL 4

Toepassing

Reëls in hierdie Afdeling is van toepassing in enige sigbaarheidstoestand.

REËL 5

Uitkyk

Elke vaartuig moet te alle tye 'n behoorlike uitkyk in stand hou deur gesig en gehoor asook deur alle beskikbare middele wat in die heersende omstandighede en toestande toepaslik is om sodoende 'n volle waardering van die situasie en van die botsingsrisiko te maak.

REËL 6

Veilige snelheid

Elke vaartuig moet te alle tye teen 'n veilige snelheid vaar sodat hy behoorlike en doeltreffende stappe kan doen om 'n botsing te vermy en binne 'n afstand geskik in die heersende omstandighede en toestande tot stilstand gebring te word.

By die bepaling van 'n veilige snelheid moet die volgende faktore onder meer in aanmerking geneem word:

(a) Deur alle vaartuie:

(i) Die sigbaarheidstoestand;

(ii) die verkeersdigtheid, met inbegrip van konsentrasies vissersvaartuie of enige ander vaartuie;

(iii) die maneuvreerbaarheid van die vaartuig met spesiale aandag aan stilhouafstand en draaivermoë in die heersende toestande;

- (iv) at night the presence of background light such as from shore lights or from back scatter of her own lights;
- (v) the state of wind, sea and current, and the proximity of navigational hazards;
- (vi) the draught in relation to the available depth of water.

(b) Additionally, by vessels with operational radar:

- (i) The characteristics, efficiency and limitations of the radar equipment;
- (ii) any constraints imposed by the radar range scale in use;
- (iii) the effect on radar detection of the sea state, weather and other sources of interference;
- (iv) the possibility that small vessels, ice and other floating objects may not be detected by radar at an adequate range;
- (v) the number, location and movement of vessels, detected by radar;
- (vi) the more exact assessment of the visibility that may be possible when radar is used to determine the range of vessels or other objects in the vicinity.

RULE 7

Risk of collision

(a) Every vessel shall use all available means appropriate to the prevailing circumstances and conditions to determine if risk of collision exists. If there is any doubt such risk shall be deemed to exist.

(b) Proper use shall be made of radar equipment if fitted and operational, including long-range scanning to obtain early warning of risk of collision and radar plotting or equivalent systematic observation of detected objects.

(c) Assumptions shall not be made on the basis of scanty information, especially scanty radar information.

(d) In determining if risk of collision exists the following considerations shall be among those taken into account:

- (i) Such risk shall be deemed to exist if the compass bearing of an approaching vessel does not appreciably change;
- (ii) such risk may sometimes exist even when an appreciable bearing change is evident, particularly when approaching a very large vessel or a tow or when approaching a vessel at close range.

RULE 8

Action to avoid collision

(a) Any action taken to avoid collision shall, if the circumstances of the case admit, be positive, made in ample time and with due regard to the observance of good seamanship.

(b) Any alteration of course and/or speed to avoid collision shall, if the circumstances of the case admit, be large enough to be readily apparent to another vessel observing visually or by radar; a succession of small alteration of course and/or speed should be avoided.

(c) If there is sufficient sea room, alteration of course alone may be the most effective action to avoid a close-quarters situation provided that it is made in good time, is substantial and does not result in another close-quarters situation.

(iv) snags die aanwesigheid van agtergrondlig soos dié van kusligte of veroorsaak deur terugstrooiing van sy eie ligte;

(v) die toestand van die wind, see en seestrome, en die nabyheid van navigasiegevaar;

(vi) die diepgang in verhouding tot die beskikbare diepte van die water.

(b) Bykomend, deur vaartuie met werkende radar:

(i) Die eienskappe, doeltreffendheid en beperkings van die radaruitrusting;

(ii) enige beperkings as gevolg van die radarafstand-skaal in gebruik;

(iii) die uitwerking van die seetoestand, die weer en ander interferensiebronne op die radaropsporing;

(iv) die moontlikheid dat klein vaartuie, ys en ander drywende voorwerpe nie deur radar op 'n toereikende afstand opgespoor kan word nie;

(v) die getal vaartuie deur radar opgespoor, hulle ligging en beweging;

(vi) die noukeuriger waardering van die sigbaarheid wat moontlik kan wees wanneer radar gebruik word, om die afstand van vaartuie of ander voorwerpe in die omgewing te bepaal.

REËL 7

Botsingsrisiko

(a) Alle vaartuie moet gebruik maak van alle beskikbare middele wat in die heersende omstandighede en toestande toepaslik is om te bepaal of die risiko van 'n botsing bestaan. Indien daar enige twyfel is, moet sodanige risiko geag word wel te bestaan.

(b) Daar moet behoorlik gebruik gemaak word van die radaruitrusting indien die vaartuig daarmee toegerus is en dit funksioneer. Dit moet insluit: langafstandradarwaarneming om vroegtydige waarskuwing te bekom van 'n botsingsrisiko en radarstipping of gelykwaardige sistematiese waarneming van opgespoorde voorwerpe.

(c) Afleidings mag nie op grond van karige inligting, veral karige radarinligting, gemaak word nie.

(d) Om te bepaal of 'n botsingsrisiko bestaan, moet onder andere die volgende oorwegings in berekening gebring word:

(i) So 'n risiko word geag te bestaan indien die kompaspeiling van 'n naderende vaartuig nie aanmerklik verander nie;

(ii) so 'n risiko kan soms wel bestaan selfs al is daar 'n aanmerklike peilingverandering, veral wanneer 'n baie groot vaartuig of 'n sleep of 'n vaartuig op kort afstand genader word.

REËL 8

Stappe om 'n botsing te vermy

(a) Alle stappe wat gedoen word om 'n botsing te vermy, moet, indien die omstandighede van die geval dit toelaat, positief wees en vroegtydig en met behoorlike inagneming van die vereistes van goeie seemanskap uitgevoer word.

(b) Enige verandering van koers en/of snelheid om 'n botsing te vermy, moet, indien die omstandighede van die geval dit toelaat, groot genoeg wees om geredelik sigbaar en opvallend te wees vir 'n ander vaartuig wat dit visueel of met radar waarneem. 'n Reeks klein koers- en snelheidsveranderings moet liefers vermy word.

(c) Indien daar genoeg seeruimte is, kan 'n verandering van koers alleen die doeltreffendste stap wees om nabyvaart te vermy, mits dit vroegtydig gedoen word, dit aansienlik is en dit nie nabyvaart met 'n ander vaartuig tot gevolg het nie.

(d) Action taken to avoid collision with another vessel shall be such as to result in passing at a safe distance. The effectiveness of the action shall be carefully checked until the other vessel is finally past and clear.

(e) If necessary to avoid collision or allow more time to assess the situation, a vessel shall slacken her speed or take all way off by stopping or reversing her means of propulsion.

RULE 9

Narrow channels

(a) A vessel proceeding along the course of a narrow channel or fairway shall keep as near to the outer limit of the channel or fairway which lies on her starboard side as is safe and practicable.

(b) A vessel of less than 20 metres in length or a sailing vessel shall not impede the passage of a vessel which can safely navigate only within a narrow channel or fairway.

(c) A vessel engaged in fishing shall not impede the passage of any other vessel navigating within a narrow channel or fairway.

(d) A vessel shall not cross a narrow channel or fairway if such crossing impedes the passage of a vessel which can safely navigate only within such channel or fairway. The latter vessel may use the sound signal prescribed in Rule 34 (d) if in doubt as to the intention of the crossing vessel.

(e) (i) In a narrow channel or fairway when overtaking can take place only if the vessel to be overtaken has to take action to permit safe passing, the vessel intending to overtake shall indicate her intention by sounding the appropriate signal prescribed in Rule 34 (c) (i). The vessel to be overtaken shall, if in agreement, sound the appropriate signal prescribed in Rule 34 (c) (ii) and take steps to permit safe passing. If in doubt she may sound the signals prescribed in Rule 34 (d).

(ii) This Rule does not relieve the overtaking vessel of her obligation under Rule 13.

(f) A vessel nearing a bend or an area of a narrow channel or fairway where other vessels may be obscured by an intervening obstruction shall navigate with particular alertness and caution and shall sound the appropriate signal prescribed in Rule 34 (e).

(g) Any vessel shall, if the circumstances of the case admit, avoid anchoring in a narrow channel.

RULE 10

Traffic separation schemes

